

## Donderdag 16 Junie

**Skrifgedeelte: Johannes 19:1-16; HK Sondag 15, Vraag 38**

**Fokusgedeelte: Johannes 19:16**

### Pontius Pilatus

Dat die vonnis wat Pilatus oor Jesus uitgespreek het, onregverdig was, is uit die Skrif baie duidelik. Drie maal het Pilatus aan die Joodse volk en hulle leiers gesê dat hy geen skuld in Jesus gevind het nie (Luk. 23:22). Ons moet aanvaar dat hierdie uitsprake van Pilatus nie net uit 'n gebrek aan wettige getuienis van die Joodse leiers voortspruit nie, maar dat dit ook op die bevindings van Pilatus se eie spioene gegrond was. Ook Herodes het geen skuld in Jesus gevind nie. Tog voldoen Pilatus aan die eis van die Jode dat Jesus gekruisig moet word. Hoekom het dit gebeur? Omdat Pilatus gedwing is om *vir* of *teen* Jesus te kies, en hy wou nie. Hy probeer op twee stoele sit om voor die handliggende redes. *Aan die een kant* het Pilatus geweet dat as hy vir die volk en teen Jesus kies en Hom oorgee om gekruisig te word, hy die hooggeroemde Romeinse reg op 'n verskriklike wyse sou verkrag. *Aan die ander kant* het Pilatus ook geweet dat as hy vir Jesus en teen die volk gaan kies, hy die vriendskap van die Joodse volk kan verloor, en dan sal sy werk as goewerneur baie onaangenaam word. Daarom wou hy graag aan die Jode hulle sin gee (Mark. 15:15). Wat doen Pilatus dan? Hy probeer om op 'n middeweg te gaan en albei partye tevrede te stel. Daarom kom hy met die voorstel: “*Ek sal Hom laat gésel en dan loslaat*” (Luk. 23:22). Wat 'n ontsettende voorstel is dit nie! Omdat hy die keuse vir of teen Jesus nie wil aandurf nie, kom hy tot die uiterste vorm van regsverkragting. Ook dit het nie gehelp nie, want toe kom die Jode met hulle sterkste troefkaart deur te sê: “*As u Hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie*” (vs 12). Dit was juis een van die aanklagte teen Jesus dat Hy beweer dat Hy 'n koning is. So het Hy Hom dan teen die keiser verhef (Luk. 23:2). Nou word Pilatus gedwing om te kies, en dan kies hy ... teen Jesus: “*Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word ...*” (vs 16). Ter wille van selfhandhawing en die beskerming van sy eie eer en status laat hy die drie maal onskuldig verklaarde Jesus as skuldige kruisig. Hoewel die Kategismus nie spesifiek oor hierdie aspek van Pilatus se optrede handel nie, moet dit tog vir ons duidelik wees dat almal van ons een of ander tyd voor dieselfde keuse as Pilatus geplaas word, naamlik om openlik vir of teen Jesus Christus te kies. Dan doen ons dikwels dieselfde as Pilatus: ons probeer om terselfdertyd met die een hand aan die *Here* vas te hou en met die ander hand aan die *sondige wêreld*. Heel dikwels loop dit, soos by Pilatus, uit op 'n verwerping van Christus. Laat dit vir ons 'n waarskuwing wees.